LAERSKOOL **EVERSDAL** PRIMARY SCHOOL

26 MAART 2020

Geagte Ouers

GRAAD 1 - 3 AKADEMIESE PROGRAM, COVID-19:

Hierdie is uitdagende tye vir elkeen van ons. Ons sluit die boodskap van Mnr. Brian Schreuder, die SG van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, by hierdie kommunikasie in. Hy het 'n paar belangrike faktore aangeraak – een van hierdie faktore is die toegang en beskikbaarheid van aanlyn platforms. ("online platforms").

Dit sal ons beplanning help as ons ouers en leerders by die leerprogram kan bly soos vervat in die stappe wat volg. Ons kurrikulum is getoets en ons weet dat die inhoud en lewering van sodanige aard is dat, indien ons leerders (en ouers) daarby hou, ons ons leerders kan help om voort te bou op die kurrikulum en sukses te behaal gedurende hierdie moeilike toestande. (Net 'n herinnering dat Laerskool Eversdal een van die toppresterende skole in die Durbanville Skoolgemeenskap was in die WKOD 2019 Sistemiese Toetse.)

Daar is 'n verskillende stemme wat opgaan daar buite en ons het nodig dat ons gemeenskap hou by die basiese kurrikulum en daardeur werk soos wat die personeel dit per week beskikbaar stel. Leerders is welkom om na ander inhoude op sommige van die aanlyn platforms te kyk en dit te toets, maar hulle moet asseblief die instruksies van hul klasopvoeders volg, want dit vorm die kern van wat geassesseer sal word wanneer en indien assessering later in die jaar geskied.

Terugvoering vanaf ouer na opvoeders en omgekeerd, sal op 'n daaglikse basis geskied via e-pos. Terugvoering sal op die volgende dag geskied. Hierdie sal die enigste kommunikasiestruktuur wees vir die Grondslagfase.

HIERDIE IS ONS SKOOL SE PROGRAM EN ONS TYDLYN:

1. **EINDE VAN KWARTAAL 1:**

   Alle kurrikulum leermateriaal is huis toe gestuur.

2. **6 APRIL** (tot en met 14 April)

   - Klasopvoeders sal begin om met ouers/leerders te kommunikeer om seker te maak wat die vlak van kommunikasie van ouers in sy/haar klas is.
   - Waar daar dalk 'n probleem is, sal die klasopvoeder u telefonies kontak.
   - Geen inhoud sal gegee word nie, dit is net 'n informele "hallo."

3. **14 APRIL 2020 (Dinsdag)**
   - Week 1 van die tweede kwartaal sal formeel begin. Opvoeders sal by hul huise wees en beskikbaar wees om met hul leerders te kommunikeer deur e-pos.
   - U sal 'n e-pos ontvang met 'n PDF dokument met u kind se weeklikse beplanning van wat om elke dag te doen met hulle. Indien nodig, sal daar ook aangehegte take wees.

4. **17 APRIL 2020 (Vrydag)**
   Werk vir week 2 sal via e-pos versprei word.

5. **<u>20 APRIL 2020 (Maandag)</u>**
   Week 2 van kwartaal 2 sal begin.

6. **<u>24 APRIL 2020 (Vrydag)</u>**
   Werk vir week 3 sal via e-pos versprei word.

7. **<u>27 APRIL 2020 (Maandag)</u>**
   Week 3 van kwartaal 2 sal begin **EN die patroon sal homself herhaal totdat die skole heropen.**

OP 'N PERSOONLIKE VLAK

Ek wil ons ouers daarvan verseker dat ek in kontak is met elke klasonderwyser en 'n wakende oog sal hou op die werk wat in ons aanlyn skool gedoen word. Dit is belangrik dat ons verseker dat ons met ons leerders en ouers in kontak bly en dat hulle betrek word. Kommunikasie tussen leerders, ouers en opvoeders moet gestimuleer word.

Hierdie is abnormale tye en ons is nie "out of office" nie! Ons is op 'n kort breek, maar ons personeel sal operasioneel wees vanaf 6 April om hulle gereed te maak om vanaf 14 April met ons leerders te werk en betrokke te raak met onderrig.

Ons kan nie aanneem dat die skole voor 21 April sal heropen nie – ons hou maar die verwikkelinge dop.

Ons bid vir al ons ouers en alle Suid-Afrikaanse burgers wat deur baie moeilike en uitdagende tye gaan!

Vriendelike groete

HENK ARANGIES
SKOOLHOOF
LAERSKOOL EVERSDAL